# DIE MUITERS



SANDBERGH BEYERS

# DIE MUITERS

DEUR

SANDBERGH BEYERS

SEBRA BOEKE
In Groot Brittanje gedruk vir
SEBRA UITGEWERS (EDMS) BPK.,
S.A.C.T.A.—gebou, 301
Breestraat,
JOHANNESBURG

# HOOFSTUK EEN

## *Die Laaste Strooi*

Dit is kort na die middag in Fort Ney, die uur wanneer die warm lug jou soos 'n kombers omsluit, die uur wanneer dit smaak asof die Sahara-son die lewegewende sappe uit 'n man se liggaam brand.

Hierdie tyd van die dag brand die lope van die masjiengewere op die borsswerings 'n man se hande as jy so dwaas sou wees om aan hulle te vat. Oral is daar die vae geur van rook asof elke greintjie sand in hierdie woestyn aan die smelt is.

Hulle vertel dat selfs die aasvoëls hierdie tyd van die dag hul vleuels opvou en tussen die duine kom rus.

Dit is op hierdie onmoontlike uur dat sersant Duparne Kompanjie Een van die Tweede Regiment van die Franse Vreemde Legioen aan die dril is. Dit is nou al anderhalfuur dat die sersant die Kompanjie in hierdie versengende hitte op die paradeterrein aan die gang hou. In daardie tydperk het hulle seker al myle hier in die vernietigende hitte afgestap.

Duparne self het egter nog nie 'n voet versit nie. Hy staan in die koelte van die vestingmuur en blaf bevele uit.

Al die manne is in volle gevegsmondering. Hulle dra elk tagtig patrone, geweer, bajonet, 'n kombers en 'n knapsak. Dit dra hulle in 'n temperatuur wat in die omgewing van 130 grade Celsius sidder.

"*En Avant* . . . versnel die pas . . . mars! . . . Halt . . . Presenteer gewere . . . gou speel julle uitvaagsel!"

Die bevele en die vloekwoorde bars uit die klein Fransmannetjie. Die koppe van die honderd-en-twintig man-

skappe lê ver vooroor en hulle haal met kort, diep snakke asem. Hulle haal asem byna soos beseerde diere. In 'n sin is hulle ook beseerde diere—manne uit ongeveer elke moontlike nasie op aarde, manne met die een of ander verlede, manne wat die een of ander daad gedoen het waarvandaan hulle weggevlug het. Hulle het een ding in gemeen—hulle mag nie meer vir hulself dink nie, hulle mag nie meer teëpraat nie, hulle het hul reg op reg en geregtigheid vir vyf *sous* per dag verkoop. Die meeste van hulle het hul siele verloor. Hulle het diere geword wat regop loop pleks van op vier pote.

Nou draf die kolonne, dan stap hulle weer, dan draf hulle weer. Hierdie maneuwers word met masjinale presiesheid gedoen, want hulle het dit al soveel maal gedoen dat hulle soos masjiene geword het. Hulle dink nie meer nie. Hulle doen hul werk op dieselfde manier as wat sirkusponies hul werk verrig.

Duparne staar deur die bedwelming van alkohol na hulle. Die halfbeker konjak wat hy weggeslaan het voordat hy op die paradeterrein verskyn het, het na sy kop toe gegaan, maar sekere gedeeltes van sy brein is nog helder. Hy sien hoedat die manne se koppe ver vooroor is en hy bring hulle tot staan en sy bevel is 'n harde skreeu soos dié van 'n verontwaardigde viswyf.

"Uitvaagsel!" skreeu hy. "Moet hulle loop asof julle gebedjies loop en opsê? Tel daardie harsspanne van julle op. As ek weer een sy kop soveel as 'n duim sien vooroor buig, sal julle 'n ekstra uur van hierdie vermaaklikheid verduur. Kompanjie, mars!"

Hulle sit weer af. Die sweet het elke uniform al deurnat. Daar sit groot klam kolle tussen hul skouers en onder hul blaaie. Hul voete voel al rou in die groot stewels, want in die Franse Vreemde Legioen is sokkies 'n weeldeartikel wat nie uitgereik word nie. Maar bo alles het hulle dors. Hulle hunker na die water wat in die flesse aan hul regtersye hang, die water wat daar murmel soos hulle loop. Maar hulle mag daardie water nie drink nie. Daar was nog geen bevel dat hulle kan water drink nie en in die luim waarin sersant Duparne verkeer, is dit ook nie baie waarskynlik dat so 'n bevel op hierdie verterende middag gegee sal word nie.

Dit is soldaat Bernadotte wat 'n einde aan hierdie helse foltering maak. Bernadotte is 'n Sweed, groot en blond, wat baie selde oor sy vaderland praat; in die eerste plaas omdat hy van natuur 'n ingetoë man is en tweedens omdat die herinneringe aan daardie mooi land waar hy grootgeword het, hom te veel pynig. Hy deel sy herinneringe met niemand nie. Maar snags wanneer dit stil is en die meeste ander manne al slaap, dink hy aan die ding wat hom na die Vreemde Legioen gedryf het, die daad wat sy spore agter hom doodgevee het, sodat hy nimmer kan teruggaan nie.

Terwyl hy hier in die vreeslike hitte marsjeer, dink hy aan die koelheid van sy geboorteland. Hy dink aan koel aande en aan die bevrore mere wat hy so dikwels gesien het, en die wit sneeu op ver bergspitse.

Toe hy neerstort, was Bernadotte juis aan die dink hoe lank dit 'n blok ys sou neem om te smelt as dit hier in die middel van hierdie paradegrond sou neergesit gewees het.

Daar is niks dramaties omtrent die manier waarop Bernadotte neerstort nie. Die een oomblik stap hy nog kiets regop in die kolonne en die volgende oomblik lê hy plat op sy maag, sy gesig in die versengende sand, sy arms ver uitgegooi, terwyl die stewels van die ander manne by hom verby knars. Dit is eers toe die laaste ry manne by Bernadotte verby is, dat sersant Duparne hom raaksien.

"Regsomkeer! . . . Halt!" skreeu die sersant en hulle swaai om sodat hulle met hul gesigte na die gevalle Bernadotte toe staan.

Die eerste keer sedert met hierdie driloefening begin is, verlaat Duparne die skaduwee van die fortmuur. Met kort, haastige treetjies stap hy na die gevalle soldaat en gaan staan oor hom. Hy slaan die lug met sy kort wandelstaf. Daar is 'n vreemde glimlag op sy skerp valkgesig toe hy weer na die kolonne kyk.

"So!" sê hy met hete sarkasme. "Een soldaat het besluit dat hy bietjie wil rus? Hy voel nie lus vir hierdie geoefenry nie."

Hy buk hierdie keer baie laag oor Bernadotte, sy hande rustend op sy knieknoppe. Hy skreeu teenoor die gevalle man, hard en hoog:

"Luilak! Hiervoor sal ek jou onder die sambok steek, net so seker as wat jy leef. Maar eers sal jy die driloefening voltooi. Staan op!"

Maar soldaat Bernadotte staan nie op nie. Daar is geen beweging in sy liggaam nie. 'n Vlieg loop oor die rug van een van sy stil hande.

Duparne tuit sy lippe, swaai sy rottangstokkie omhoog en bring dit op Bernadotte se skouers neer. Die slag is sag en bedwonge soos wanneer 'n mens 'n swaar tapyt met 'n stok slaan. 'n Tapyt beweeg egter gewoonlik 'n bietjie, maar in Bernadotte is daar nie die minste beweging nie. Duparne vloek een maal en steek sy stewel onder die bors van die gevalle man in. Dan draai hy Bernadotte met sy voet op sy rug sodat die hittige son reg in die Sweed se gesig skyn.

Albei Bernadotte se oë staan wyd oop en hulle staar glasig na die son—iets wat deur geen lewende mens gedoen kan word nie.

Dit is vir Duparne nie nodig om Bernadotte verder te ondersoek om te weet dat hy dood is nie, te weet dat die Legioen en hy, sersant Duparne, hom geen verdere leed kan aandoen nie.

Duparne stoot sy tong oor sy lippe wat skielik droog geword het "*C'est bon*, goed so," sê die sersant sonder om 'n oog te trek. "In die Franse Vreemde Legioen is daar nie plek vir swakkelinge soos hierdie nie. Hoe gouer ons van hulle ontslae raak, hoe beter. Kompanjie . . . breek op!"

* * *

Party manne—miskien die meeste manne—het twee persoonlikhede—die een wat hulle aan die buitewêreld voorhou en die ander een wat hulle net openbaar wanneer hulle heeltemal alleen is. Dit is ook die geval met sersant Duparne wat oor die paradeterrein wegstap nadat hy die Kompanjie laat opbreek het. In hierdie oomblik is hy die trotse, hovaardige offisier van Frankryk, wie se bevele gehoorsaam moet word, die man met die mag in sy hande, die man wat kan hiet en gebied. Hy is nou die man wat sonder om 'n ooglid te roer, kan wegstap van een van sy manne wat deur die son en deur die uitputting gedood is.



Maar die oomblik toe Duparne die deur van sy klein klipkantoortjie toedruk, toe is daar 'n verandering. Toe is Duparne meteens 'n ander man. Hy gooi sy rottangstokkie op sy slaapbank neer, dan sy pet, dan sy rewolwergordel. Maar die bewegings van sy liggaam is nie meer beslissend nie, nie meer sterk nie. Sy bewegings is stadig en traak-my-nie-agtig soos die bewegings van 'n man wat deur die uitputting ingebreek is—of deur iets anders. Sy koperkleurige gesig het nou verslap en daar lê diep lyne onder die oë, om die mond hoeke en onder sy neusvleuels. Dit word 'n miserabele karikatuur van die strenge, stroewe gesig wat 'n paar oomblikke nog na die soldate op die paradeterrein gekeer was.

Duparne tel die bottel konjak van 'n tafeltjie op en gooi byna die helfte van die halwe bottel stortend in 'n blikbeker. Hy drink diep teue daarvan. Dit sal verskeie minute duur voordat die bedwelming oor hom neersak—die genadige bedwelming wat hom effe verlos uit hierdie teisterende pyn op sy slape en agter sy oë.

Hy loop na die venster toe en kyk oor die woestyn uit. Hy hoor die ritmiese slag van stewels soos die wagte op die borsswerings op en neer stap. Hy bly egter nie lank voor die venster nie, want die son skyn regstreeks in sy oë en daar kom verwarde, snaakse beelde voor sy oë, dansende, springende dinge wat hy nie kan vasvat en nie kan verstaan nie. Hy draai stadig om en sak op 'n ruwe houtstoel neer met sy gesig tussen sy hande, sy duime vrywend op die pynkolle, asof hy die pyn in die kop wil doodvryf.

Daardie soldaat—die Sweed, as hy reg onthou—*Mon Dieu,* dit is 'n lelike petalje daardie. Dit is nou iets wat nooit moes passeer het nie!

Hy moes nooit na die venster toe geloop het nie. Hoewel hy sy oë nou dig gesluit het, brand daardie koperskynsel van die Saharason nog steeds diep in die diepste hoekies van sy brein. Hy kan die son ook nog sien. Tussen die springende gedaantes deur kan hy dit sien, die vreeslike vuurbal wat elke dag dreig om jou te vernietig. Partykeer lyk dit of die snaakse gedaantes wegdans en dan bly net die klein sonnetjie oor. Maar dan groei daardie son weer—groei en groei en groei totdat dit smaak dit oorweldig hom. Dan ontplof dit en dit jaag vagte witwarm pyn deur sy gemartelde hoof.

Hierdie is nie die son wat Duparne eens geken het nie. Hierdie is nie die bedaarde son wat die *boulevards* van Parys verhit nie, die strale getemper deur die fris bries van die Seine af. Dit is nie dieselfde son wat op sy uniform gespeel het nie, die uniform wat hy aangehad het toe hy onderoffisier in die Franse gereëlde leër was nie. Daardie was 'n ander son. Daardie son het hom beskyn voordat hy oneervol uit die Franse leër ontslaan is omdat hy skuldig bevind was van wreedheid teenoor sy manskappe. Daardie wreedheid het hom nog nie verlaat nie en hy dink 'n oomblik sidderend daaraan en hy voel skielik bang, bang vir homself.

Ja, daardie was beter dae. Dit was die dae toe die mooi goedjies in die *Rue de Rivoli* teenoor hom geglimlag het, gewag het dat hy hulle moes vra om 'n glasie saam met hom te gaan drink.

Hy dink terug aan die wandelinge smiddae in die *Bois de Boulogne*. Toe was hy 'n aantreklike onderoffisier, fyn uitgevat in sy netjiese uniform. Dit was vir hom nooit nodig om vroulike geselskap op te gesoek het nie. Hulle het om hom geswerm, want in daardie dae het hy 'n soort strenge aantreklikheid gehad wat so baie vroumense kan bekoor.

Toe was daar die krygsverhoor. Maar hy het gevind dat hy nie sonder uniform kon leef nie. Die militêre lewe was



in sy bloed. Hy het na die uniform gehunker—enige uniform, selfs die uniform van hierdie vervloekte Vreemde Legioen.

Hierdie kop . . . ai, hierdie kop. Partykeer voel dit of sy kop in 'n groot skroef vasgedraai word sodat dit later smaak of dit middeldeur bars.

Dan verander die gevoel weer meteens en dan smaak dit of sy skedel na buitekant toe wil ontplof. Hy wag hygend op die nag, want dit is slegs dán wanneer hy bietjie rus kry, wanneer die son nie meer sy stomme oë kan teister nie.

Maar hy mag nie swak wees nie. As hy slegs die vaagste sweem van swakheid teenoor hierdie internasionale skorriemorrie openbaar, soek hy moeilikheid. Nee, hy moet sterk wees, in alle omstandighede sterk wees, al swem die wêreld partykeer voor sy oë wanneer die pyn so byna ondraaglik word.

Dit is nou veral so nodig, noudat kaptein Monclaire weg is en daardie ellendeling, luitenant Bolart, in sy bed lê en worstel aan die woestynkoors. Waarom moes die ellendige Bolart nou juis siek geword het? Kon hy nie gewag het tot Monclaire teruggekom het nie?

Dit beteken dat hy, sersant Duparne, tydelik in bevel is hier in Fort Ney, want ná Bolart is hy die senior offisier, al is hy ook maar net 'n onderoffisier.

Die heel eerste keer wonder Duparne of hy nie dalk ook siek is nie. Hierdie pyne! Daar moet iets agter hulle sit. Hulle kan nie sonder rede kom nie. Sodra die garnisoen weer afgelos word, gaan hy hom in Dini Sadazi deur die mediese ordonnans laat ondersoek. Hy kan dit nie langer verduur nie.

Intussen moet hy maar op sy tande kners en vastrap. Hy kry meer en meer berigte dat die Bormoen-Arabiere iewers saamtrek vir 'n aanval op Fort Ney. Een keer tevore is hierdie fort al deur hulle verower en vernietig. Dit mag nie weer gebeur nie, want hierdie is Frankryk se verste voorpos in die Bormoen-gebied. Hierdie Bormoen wil ook nie hul les leer nie. Keer op keer is hulle al deur die Legioen bloedig verslaan, maar elke keer herstel hulle

maar weer en dan haal hulle weer hul ou streke uit. Ja, die vesting moet te alle tye gereed wees en hy kan dit slegs gereed hou solank hy die strengste dissipline handhaaf.

Die uitwerking van die konjak styg stadig in hom op. Die pyn op sy slape vervaag en die klopping agter sy oë neem af. Hy skink die blikbeker weer half en drink dit met twee teue uit.

Iemand klop op die deur en soldaat Stamm kom binne. Stamm is seker die laaste man wat Duparne moes gekies het om sy ordonnans te wees. Stamm is klein, met 'n ronde gesig en ewigdurende senuweeaandoening. Hy is van die slag van mense wat ewig iets laat val, ewig teen iets vasloop, ewig iets vergeet.

Hy leef in ewige, swetende vrees vir Duparne.

Noudat hy die kamer met die skinkbord binnekom, spring sy gesig weer van die ene vrees en opgewondenheid. Hy kry die skinkbord sonder voorval op die tafeltjie neergesit en hy hyg feitlik van die dankbaarheid.

Duparne kyk na die swarterige sop waarin die bedorwe stukkies bokvleis en swart broodkorsies ronddryf en hy trek 'n vreeslike gesig. En buitendien kan hy die afgelope tyd nie eet nie.

"Jou dwase gek! Verbeel jy jou dat ek in die luim is om varkenskos te vreet?"

Stamm staar hulpeloos teen die muur vas. Hy durf nie na Duparne kyk nie.

"Nee, *mon sergeant,* ek dink nie so nie."

"Nou waarom bring jy dit dan hierheen?"

"Dit is al wat ons het, *mon offisier.* Dit was gister dieselfde en eergister en naas-eergister. Dit sal môre maar weer dieselfde wees. *Mon sergeant,* ek het nie beheer oor die rantsoene nie, hoewel ek partykeer wens dat dit wel die geval was."

Hierdie laaste woorde spreek hy uit voordat hy hulle nog kan keer en toe hy besef wat hy gesê het, skiet sy klein ogies meteens vol trane. Die vraag flits deur sy brein waarom die noodlot hom uit die vreedsame Hollandse dorpie verwyder het na die teenwoordigheid van hierdie ongelooflike tiran.



"Ag so! Dan is jy nie met die kos tevrede nie, *mon ami?* En dan het jy nogal die verwaandheid om in my teenwoordigheid oor die kos te knies?"

Duparne se stem het skielik sag, byna strelend geword en Stamm weet maar te goed wat dit beteken.

"Nee . . . nee, *mon sergeant,* ek sal daar nooit aan droom om in u teenwoordigheid te murmureer nie." Die Hollander praat hoog en huilerig.

"Maar jy sal die Legioen agter my rug swartsmeer, nè? Jy sal stories dra, jy sal jou kamerade tot ontevredenheid opsweep wanneer ek jou nie hoor of sien nie, nè?"

Stamm maak sy mond oop om iets te sê, maar daar kom nie woorde uit hom nie. Die skrik en die vrees het sy stembande verlam.

Duparne het dit al dikwels in die verlede ervaar dat die Hollander meteens skynbaar stom word. Hierdie stommerik kan hom nie verdere vermaak verskaf nie.

"Nou goed—maar trap in jou spoor, manskap Stamm. Onthou ek hou jou dop. Nou kan jy hierdie gemors hier wegneem."

Stamm se lippe bibber. Hy probeer Duparne vir sy groothartigheid bedank, maar hy kom nie sover nie. Daarom duik hy liewer skielik vooroor en gryp na die skinkbord, sy hande ver uitgestrek.

Dit is toe dat hy die bottel met die konjak omstamp.

Die prop is nie op nie en die goudkleurige vloeistof hardloop oor die tafelblad, met die tafelpoot af en maak 'n klein, blinkende poeletjie op die klipvloer. Met 'n soort dwase haat gryp Stamm die bottel wat byna leeg geloop het, plak dit regop en druk die prop weer op. Duparne staar na hom, met kwade glinstering in sy oë. Stamm spring op aandag, sy kop ver agteroor, maar hy staar na die poeletjie brandewyn op die vloer.

"Keur jy dit af dat ek af en toe 'n snapsie drink, manskap Stamm?" verneem Duparne en hy praat nog sag, byna liefderik.

Gedwing deur die wanhoop en die vrees, slaag Stamm eindelik daarin om 'n paar woordjies uit te stotter. "Ek is jammer, *mon sergeant*, maar hierdie was 'n ongeluk." Sy stem rafel uit in 'n huilerigheid soos dié van 'n kind wat bang is vir siep-sop braaiboud. Duparne merk dit met tevredenheid op. Die verlies van die brandewyn is nie ernstig nie. Hy het 'n goeie voorraad van Dini Sadazi, die basisdorp, af saamgebring. Maar hierdie *kon* sy laaste bottel gewees het. Gestel nou dit *was* sy laaste bottel! Hierdie angswekkende moontlikheid prikkel die sersant se senuwees.

". . . 'n Ongeluk? Jou ellendige rot! Jy moet geleer word dat ongelukke van hierdie aard nie toelaatbaar is nie. Eers het jy jou bek vol oor die rantsoene in Fort Ney en daarna smyt jy my brandewyn om. Jy is in arres, manskap Stamm, en vanmiddag sal jy voor die res van die garnisoen met die sambok geslaan word. Op dié manier sal die les wat jou geleer word, ook dien as les vir jou makkers."

Stamm antwoord daar die op nie, want weer eens is hy stom van die skrik en die vrees.

Joos Janse, die lang Suid-Afrikaner, sit 'n pak speelkaarte op sy slaapbank en skommel. "Wat te erg is, is te erg," bevind hy. "Een man kan meer verduur as die volgende man, maar daar is altyd 'n grens iewers. Jy kan daar ook niks aan doen nie. Dit is maar net daar soos die fatsoen van jou neus of die grootte van jou ore. En ek weet dat ek nou nie veel verder kan nie. Ek het nou genoeg verduur."

Soos die andere wat pas van Duparne se driloefening op die paradeterrein teruggekeer het, sit hy kaal bolyf daar en die groot slukke water wat hy gedrink het, het groot sweetdruppels op sy liggaam laat verskyn.

Toe daardie vreeslike dors geles was, wou elkeen van die honderd-en-twintig manne van Kompanjie Een op hul slaapbanke kom neerslaan, maar die dood van Bernadotte het rus vir hulle onmoontlik gemaak. Hier in die groot kasernevertrek is 'n dreigende, sluimerende opstandigheid. Dit is die spanning van manne wat baie kan verduur, maar wat tot op die laaste grens van hul uithouvermoë gedryf is. Party sit op hul slaapbanke soos Joos, andere staan weer regop, pratend, in klein groepies. Hulle praat almal sagweg.



Die groep hier om Joos is groter as die ander groepe, want in tye van moeilikheid word die kêrels gewoonlik na hierdie groot, kalm Suid-Afrikaner aangetrek omdat sy stem altoos so kalm is en omdat hulle al geleer het dat hy vir homself kan dink en vinnig kan dink wanneer die nood op sy hoogste is.

Nie een van hulle weet seker nog waarom hy nou juis in die Vreemde Legioen is nie . . .

Hoewel hy aan die kaarte sit en vroetel, dink hy nie aan die kaarte nie. Sy gedagtes is met ander dinge besig. Al is hy gewoonlik 'n lughartige, opgeruimde man, kan hy in oomblikke soos hierdie volkome verander na die gespanne, konsentrerende man wat vinniger as die meeste andere kan dink.

Onder hulle wat daar staan, is daar nog twee Suid-Afrikaners, Neels Bredenkamp en Org Ochse.

Org poets een van sy oë teen sy broekspyp blink. Dit is sy gewaardeerde glas-oog wat hy met ses maande se soldy gekoop het nadat hy sy oog in 'n geveg met die Arabiere verloor het. Aan hierdie glas-oog van Org is daar net twee tekortkominge. Eerstens het dit die nare gewoonte om uit te val en tweedens is dit helderblou hoewel Org se ander oog donkerbruin is. Daaroor bekommer Org hom egter nie in die minste nie. Hierdie glas-oog is feitlik maar net 'n ornament en met sy regte oog is hy nog een van die beste skutters in die ganse Legioen.

"Vanmiddag was vir my ook die laaste strooi," sê Org, alvrywende aan die oog. "Die ongeluk is net dat daar nie veel is wat ons daaraan kan doen nie. Duparne is nou nie juis 'n kindermeid nie, maar in die afgelope tyd het hy wragtag niks minder as moorddadig geword nie. Ek weet nie hoe ek dit verder gaan verduur nie, maar as ek dit ding so bekyk, lyk dit my ons sal maar moet tande kners en uithou tot kaptein Monclaire terugkeer. Dan sal Duparne weer in sy pasoppens wees."

Neels Bredenkamp stoot sy hand oor sy glinsterende pankop en hy sê: "Daardie vuilgoed sal nooit stadiger oor die klippe gaan nie. Ek dink hy het bietjie mal geword. Partykeer kan hulle hulle nie help nie, net soos dit met boksers is. Die slag toe ek in die kryt teen. . . ."

Daar is 'n koor van protes. Dit is die moeilikheid met Neels. Jare gelede het hy in Johannesburg teen 'n goeie swaargewig van die tyd te staan gekom en hy kan nie ophou om daaroor te praat nie. 'n Mens kan nou gesels net waaroor jy wil, maar heel gou spreek Neels sy herinneringe in woorde uit.

Nou is die kêrels egter nie in die luim om oor Neels se boksverlede ingelig te word nie. Hy slaan 'n vlieg op sy massiewe skouer dood en dit lyk of hy seer voel oor die gebrek aan belangstelling, maar hy sê niks verder nie.

Joos kyk na die gespanne, ongelukkige gesigte en dan kyk hy na Org. "Hoe dink jy, hoeveel kêrels gaan nog soos Bernadotte dood neerslaan voordat kaptein Monclaire terugkom?" Daar is byna geen klem op hierdie vraag nie. Dit word droogweg gestel. 'n Paar man skuifel rond, maar daar word nie 'n woord gesê nie.

"Moenie dat ons soos uilskuikens wees nie. Dit help nie om onsself aan die neuse te lei nie. Monclaire kan nog weke wegbly, maar hy kan ook môre terug wees, vanaand nog, vir al wat ons weet. Noudat Bolart siek is, is daar niks wat Duparne kan keer nie en selfs al was Bolart nie siek nie, sou dit geen verskil gemaak het nie, want hy's vir Duparne so bang soos die duiwel vir die slypsteen."

Kaproeski, die Rus, vee die sweet met 'n vuil lap van sy rooi gesig af en sê: "Eens het ek gedink dat Duparne net 'n vark is, sonder meer. Toe het ek my opinie bietjie verander en gemeen dat hy 'n ordentlike vark is. Maar nou het ek weer my mening verander: ek dink hy is 'n ellendige vark."

Party van hulle glimlag liggies oor Kaproeski se ontleding, maar dan word die aandag weer op Joos gevestig. Hy praat egter nie. Hy het die kaarte neergesit en hy staar na die oorkantste klipmuur van die groot slaapsaal,



die muur waarteen die portrette van half-vergete mense en plekke opgehang is, ou portrette wat in die kêrels ou herinneringe terugbring.

Org steek sy glas-oog in. "Hierdie soort ding sal ons niks verder bring nie. Voordat ons by hierdie leër aangesluit het, het ons geweet dat dit nou nie juis 'n Sondagskoolpiekniek gaan wees nie. Nou sal ons maar net moet eet wat op ons brood gesmeer word. Daar is niks anders te doen nie, boere."

Joos bly teen daardie muur staar toe hy sê: "Ja'k, nie een van ons het nou juis veerbeddens verwag nie—en so by my kool, ons het hulle ook nie hier gekry nie. Ons het ook almal geweet dat die kanse goed was dat ons deur die een of ander Arabier sou dood-gemaak word. Maar hierdie soort ding het nie een van ons verwag nie. Dit kan nie van enige menslike wese verwag word om hierdie soort kastyding te verduur sonder om opstandig te word nie. Dié is doodseker. Ons word nou in hierdie Legioen stadig dood gemoor—en miskien ook nie so stadig as wat ons ons verbeel nie."

"Wat is dit wat jy wil sê, Joos," sê Phil Marleigh, die skraal Engelsman, die man wat op Oxford aan universiteit was, maar wat deur een enkele misstap in die beproewings van die Vreemde Legioen geslinger is.

"Ek sal julle sê wat ek bedoel," sê Joos laag en bitter. "Ek gaan spore maak uit hierdie hel uit . . ."

Hulle staar in stilte na hom, in die soort stilte wat 'n mens sou verwag wanneer 'n man blou-blou aankondig dat hy gaan selfmoord pleeg.

"Ons weet jy voel maar bek-af, Joos," sê Marleigh. "Ons voel maar almal so—ná vanmiddag. Ek is egter seker dat jy jouself weer gou sal regruk, ou kêrel."

Marleigh het ernstig gepraat en hy bedoel elke woord wat hy gesê het, maar dalk kan Joos dit nie so insien nie. Daar is woede in sy antwoord.

"Bek-af? Natuurlik voel ek bek-af. Ek het nie 'n Engelsman nodig om my dit te vertel nie. Maar luister nou mooi—ek is nie in die luim om dinge te sê wat ek nie bedoel nie. Ek het gesê ek gaan padgee uit hierdie gemors

en dit is *presies* wat ek gaan doen. As die res van julle esels die ou lewe hier geniet, bly dan hier as julle lus het, maar as julle voel soos ek voel, laat ons spaander. Ek het 'n plan gereed."

Org praat vinnig en dringend. Hy sê: "Jy praat soos 'n dwaas en dit is jammer, want ek het jou nog nooit as 'n pampoen gereken nie, Joos. Hou jouself bietjie in en dink effens na. Jy het 'n uitstekende rekord in die Legioen. Nog nooit het jy iets verkeerd gedoen nie. Maar noudat die skoen bietjie druk, nou kry jy die bewerasie. Laat ek jou iets vertel, boeta. As jy daaraan dink om uit Fort Ney te dros, sal dit nie vir Duparne nodig wees om 'n soek-geselskap agter jou aan te stuur nie. Daar sal geen rede wees om jou dood te skiet nie—nee, boeta. Die Bormoen sal jou in hande kry voordat jy 'n volle dagreis agter die rug het en jy weet wat hierdie vuilgoed met 'n mens aanvang. Jy't genoeg ondervinding daarvan, of hoe?"

Joos druk net sy skouers onverskillig op.

"Nou goed," sê Org. "Dit is soos jy oor sake dink. Ek dink nou toevallig anders. Tot dusver het ons twee nog nooit verskil nie, maar hierdie keer moet ek van jou verskil, want ek het nou nog nie die stadium bereik dat ek graag my vel wil afgeslag hê deur hierdie klomp woestynvuilgoed nie. En wie, dink jy, gaan nogal saam met jou hierdie mal perd opklim?"

"Dit weet ek nie. Ek het nog nie enige uitnodigings uitgestuur nie. Ek skat egter dat daar 'n hele paar broeders is wat net soos ek voel."

Neels het half verskrik na hierdie woorde gestaan en luister. Hy het die krag van 'n bees, maar verstand het hy nie juis in oorvloed nie. Die meeste van die dinge wat gesê is, het hy nie gesnap nie, maar hy het een feit gesnap en dit is dat Joos voornemens is om uit die fort pad te gee. Dit beteken dat hy, wat Neels is, ook gaan spore maak. Dikwels het hy al lus gevoel om Joos bietjie te tik, maar elke keer was hy nog by as Joos iets aangevang het. Dit sal seker ook maar altyd so wees.

"Ek is jou eerste volgeling, Joos," kondig Neels aan.



Org staar vinnig na die groot man, maar Neels is op sy dooi gemak.

"Jou onnosel os," bars Org uit. "As jy nie so 'n onpassabele stuk vleis was nie, het ek nou jou bek stukkend geslaan. So, dan wil jy saam met hierdie vent dros, nè? Jy moedig hom nou eintlik aan om sy nek te verloor, nè. Jy weet seker hoe ver julle in die Sahara sal vorder voor die dors of die Bormoen met julle klaarspeel."

Al hierdie dinge is bokant Neels se vuurmaakplek en daarom staar hy hulpeloos na Joos. Joos steur hom egter nie daaraan nie. Hy het van sy slaapbank afgeklim en hy loop stadig na Org toe. Hy gaan staan toe hul borste feitlik aan mekaar raak. Hulle haal beide swaar asem, deels weens die hitte, deels weens die stormende emosies binne-in hulle.

"So, dan is jy eintlik die getroue soldaat van die ou garde, nè?" sê Joos deur sy tande. "Jy wil die ou tradisie handhaaf en al daardie soort bog? Ek is ook so wanneer dit die moeite werd is om getrou te wees, maar dit geld nie meer in 'n situasie soos hierdie nie. Dalk het jy nie na Bernadotte gekyk terwyl hy op die grond gelê het nie, maar ék het. Bernadotte was 'n goeie kêrel. Ek weet nie waarom hy by die Legioen aangesluit het nie, maar ek wed dat hy niemand juis veel skade aangedoen het nie. Hy was 'n goeie soldaat. Hy het sy plig tot die einde gedoen—totdat hy dood neergeslaan het. Wat het hy daarvoor gekry?—'n hou met die rottang oor sy skouers; dit is al dank wat hy gekry het. Ek sê julle weer: 'n man kan soveel verduur, maar nie meer nie. Daar is grense vir alles, ook vir hierdie lyding. Ek het die einde van die riem bereik. Ek kan nie verder nie en ek skat hier is baie onder julle wat net so voel. Moenie dink dat julle iets vermag deur hier aan te bly nie. Al wat julle doen, is om hierdie ellendige tirannie van Duparne aan die gang te hou. Ek is 'n vry burger van 'n vry land en ek sal hierdie teistering nie langer verduur nie. Dit gaan nie maklik wees om deur die woestyn te kom nie, maar al kom net een man deur, kan hy aan die buitewêreld gaan